

7 Mei

Skrifgedeelte: Efesiërs 6:10-20

Fokusgedeelte: Efesiërs 6:18

HK, Vraag 127

Stry teen Satan in die krag van God

Ons is betrokke in 'n geestelike stryd. Hierdie oorlog gaan ons nie sonder wapens in nie. Efesiërs 6 verduidelik so konkreet en duidelik wat ons wapenrusting behels. Nadat die geestelike wapens wat ons gebruik een vir een opgenoem is volg daar die baie belangrike opmerking: "Doen dit alles biddend en smee God by elke geleentheid deur die Gees."

Gebed is van kardinale belang wanneer ons ons wapens teen die magte van die bose gebruik. Gebed laat ons tog uitreik na God se krag en God se wysheid. Dit is ook wat ons in die sesde bede van die Onse Vader doen – ons reik uit na God se hulp in ons stryd teen die duiwel en sy versoekings.

Ook vandag sal ons nie op ons eie bene staande bly teen die listige aanvalle van die duiwel nie. Rondom ons in ons leefwêreld kruis versoekings daagliks ons pad. In ons is daar steeds 'n sondige natuur wat ons so dikwels aanmoedig om juis die verkeerde te doen. Daarom moet ons vandag en elke dag in ons gebede uitreik na God en sy hulp vra. Vra die Here vandag om deur sy Heilige Gees aan jou die krag te gee om nie voor die versoekings van die duiwel te val nie. Vra Hom dat sy Gees jou tot die einde van jou lewe sal laat aanhou hardloop in die goeie wedloop van die geloof.

Sing: Skrifberyming 15-7:4, 5

Ds. L du P van der Vyver (Silverton)

~~~~~